Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Price 20c Prys
Overseas 30c Oorsee
POST FREE—POSVRY

ISBN 0 621 00907 5

VOL. 95.] CAPE TOWN, 30TH MAY, 1973. KAAPSTAD, 30 MEI 1973. [No. 3906.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 909. 30th May, 1973.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 43 of 1973: Air Services Amendment Act, 1973.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 909. 30 Mei 1973.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 43 van 1973: Wysigingswet op Lugdienste, 1973.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the Air Services Act, 1949, in order to extend the exclusion or modification of the provisions of section 2 (1) also to visiting aircraft registered as to nationality in a State which is not a party to the Convention on International Civil Aviation signed at Chicago on 7 December 1944, and to empower the State President, in so excluding or modifying, to differentiate between aircraft of a State which is a party and of a State which is not a party to the said Convention; to prohibit the promotion of air services unless authorized thereto; to provide for certain particulars relating to applications, licences or the conditions of licences to be prescribed by regulation; to provide for notice to the commission within seven days of a provisional order of sequestration or liquidation of the holder of a licence, or of the issue of a judicial management order; to extend the matters in respect of which fees shall be payable; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 21st May*, 1973.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 2 of Act 51 of 1949, as amended by section 2 of Act 6 of 1964.**

**1.** Section 2 of the Air Services Act, 1949 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) (*a*) The State President may, if it appears to him expedient to do so, by proclamation in the *Gazette* exclude or modify, to such extent as to him seems desirable, the application of subsection (1) to or in respect of visiting aircraft, registered as to nationality in another contracting State or any non-contracting State, which are engaged in the carriage of passengers, cargo or mail for remuneration or hire on other than scheduled international air services, and the State President may in such proclamation differentiate between the aircraft of contracting States and those of non-contracting States.

(*b*) For the purposes of this subsection 'contracting State' means any State which is a party to the Convention on International Civil Aviation, signed at Chicago on the seventh day of December, 1944, and 'non-contracting State' means a State which is not a party to that Convention."; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Tot wysiging van die Wet op Lugdienste, 1949, ten einde die uitsluiting of wysiging van die bepalings van artikel 2 (1) ook uit te brei tot besoekende lugvaartuie wat met betrekking tot nasionaliteit geregistreer is in 'n Staat wat nie 'n party by die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart, onderteken te Chicago op 7 Desember 1944, is nie, en om die Staatspresident te magtig, wanneer hy aldus uitsluit of wysig, om onderskeid te maak tussen lugvaartuie van 'n Staat wat 'n party is en 'n Staat wat nie 'n party is by bedoelde konvensie nie; om die bevordering van lugdienste te verbied tensy daartoe gemagtig; om voorsiening te maak vir die voorskryf by regulasie van sekere besonderhede betreffende aansoeke, lisensies of die voorwaardes van lisensies; om voorsiening te maak vir kennisgewing aan die kommissie binne sewe dae na 'n voorlopige bevel van sekwestrasie of likwidasie van die houer van 'n lisensie, of na die verlening van 'n geregtelike bestuursbevel; om die aangeleenthede uit te brei ten opsigte waarvan gelde betaalbaar is; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 21 *Mei* 1973.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 2 van Wet 51 van 1949, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 6 van 1964.**

**1.** Artikel 2 van die Wet op Lugdienste, 1949 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) (*a*) Die Staatspresident kan, indien hy dit dienstig ag, by proklamasie in die *Staatskoerant* die toepassing van subartikel (1) op of ten opsigte van besoekende lugvaartuie wat met betrekking tot nasionaliteit in 'n ander kontrakstaat of 'n nie-kontrakstaat geregistreer is en wat vir die vervoer van passasiers, vrag of pos teen beloning of huur op ander as vasgestelde internasionale lugdienste gebruik word, uitsluit of in so 'n mate as wat hom wenslik voorkom, wysig, en die Staatspresident kan in so 'n proklamasie onderskeid maak tussen die lugvaartuie van kontrakstate en dié van nie-kontrakstate.

(*b*) By die toepassing van hierdie subartikel beteken ‚kontrakstaat' 'n Staat wat 'n party is by die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart, onderteken te Chicago op die sewende dag van Desember 1944, en beteken ‚nie-kontrakstaat' 'n Staat wat nie 'n party by daardie konvensie is nie."; en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) by the substitution in subsection (4) for the words "five hundred pounds" and "one thousand pounds" of the words "one thousand rand" and "two thousand rand" respectively.

Insertion of section 2A in Act 51 of 1949.

**2.** The following section is hereby inserted after section 2 of the principal Act:

"Prohibition of promotion of air service unless licensed or exempted.

**2A.** (1) No person shall without the written authority of the commission, which may be granted subject to such conditions as the commission may deem fit—

(*a*) make known by any means that he or any person is willing to undertake the conveyance of any person in the performance of an air service;

(*b*) sell or offer for sale or promote the sale of any seating accommodation for the conveyance of any person in the performance of an air service,

unless he is the holder of a licence under this Act authorizing such conveyance or is the authorized agent of such a holder, or is under section 2 (2) or (3) not required to hold such a licence, or is under section 19 exempted from holding such a licence.

(2) Any person who contravenes any provision of subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to the punishment prescribed by section 2 (4).".

Amendment of section 3 of Act 51 of 1949.

**3.** Section 3 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) Any person who fails to comply with an order or direction of the commission shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one thousand rand.".

Substitution of section 4 of Act 51 of 1949.

**4.** The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

"Particulars to be furnished in connection with application relating to licence or conditions.

**4.** A person who applies for the grant, renewal, transfer, alteration, modification or amendment of a licence or the conditions thereof, shall furnish with the relevant application to the commission such particulars as may be prescribed.".

Substitution of section 5 of Act 51 of 1949.

**5.** The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

"Commission to give notice of application and of particulars thereof.

**5.** As soon as practicable after receipt of any application mentioned in section 3, the commission shall cause notice of the application to be given or published in the manner prescribed and shall in such notice set out such particulars of the application as may be prescribed.".

Amendment of section 7 of Act 51 of 1949.

**6.** Section 7 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection (3) for the words "one hundred pounds" of the words "two hundred rand"; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) deur in subartikel (4) die woorde „vyfhonderd pond" en „duisend pond" onderskeidelik deur die woorde „duisend rand" en „tweeduisend rand" te vervang.

Invoeging van artikel 2A in Wet 51 van 1949.

**2.** Die volgende artikel word hierby na artikel 2 van die Hoofwet ingevoeg:

„Verbod op bevordering van lugdiens tensy gelisensieer of vrygestel.

**2A.** (1) Niemand mag sonder die skriftelike magtiging van die kommissie, wat verleen kan word onderhewig aan die voorwaardes wat die kommissie goedvind—

(*a*) op enige wyse bekend maak dat hy of enige persoon gewillig is om die vervoer van 'n persoon by die verrigting van 'n lugdiens te onderneem nie;

(*b*) enige sitruimte vir die vervoer van 'n persoon by die verrigting van 'n lugdiens, verkoop of te koop aanbied of die verkoop daarvan bevorder nie,

tensy hy die houer van 'n lisensie ingevolge hierdie Wet is wat bedoelde vervoer magtig of die gevolmagtigde van so 'n houer is, of dit ingevolge artikel 2 (2) of (3) nie van hom vereis word om so 'n lisensie te hou nie, of hy kragtens artikel 19 vrygestel is van die hou van so 'n lisensie.

(2) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf by artikel 2 (4) voorgeskryf.".

Wysiging van artikel 3 van Wet 51 van 1949.

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende subartikel:

„(4) Iemand wat versuim om aan 'n bevel of lasgewing van die kommissie te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens duisend rand.".

Vervanging van artikel 4 van Wet 51 van 1949.

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Besonderhede wat verstrek moet word in verband met aansoek betreffende lisensie of voorwaardes.

**4.** Iemand wat aansoek doen om die toestaan, hernuwing, oordrag, verandering of wysiging van 'n lisensie of die voorwaardes daarvan, moet saam met die betrokke aansoek aan die kommissie die besonderhede verstrek wat voorgeskryf is.".

Vervanging van artikel 5 van Wet 51 van 1949.

**5.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Kommissie moet kennis van aansoek en van besonderhede daarvan gee.

**5.** So spoedig doenlik na die ontvangs van 'n in artikel 3 bedoelde aansoek, moet die kommissie op die voorgeskrewe wyse kennis van die aansoek laat gee of publiseer en in daardie kennisgewing die besonderhede van die aansoek uiteensit wat voorgeskryf is.".

Wysiging van artikel 7 van Wet 51 van 1949.

**6.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (3) die woorde „'n honderd pond" deur die woorde „tweehonderd rand" te vervang; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(*b*) by the substitution in subsection (4) for the words "one hundred pounds" of the words "two hundred rand".

Amendment of section 8 of Act 51 of 1949.

**7.** Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (6) for the words "one hundred pounds" of the words "two hundred rand".

Amendment of section 11 of Act 51 of 1949.

**8.** Section 11 of the principal Act is hereby amended by the addition to subsection (2) of the following paragraph:

"(*e*) such other particulars as may be prescribed.".

Amendment of section 12 of Act 51 of 1949.

**9.** Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) An application for the renewal of a licence shall be submitted to the commission not later than twelve months prior to the date of expiration of the licence.".

Substitution of section 14 of Act 51 of 1949.

**10.** The following section is hereby substituted for section 14 of the principal Act:

"Fees. **14.** There shall be paid to the Secretary for Transport in respect of any application for the grant, renewal, transfer, alteration, modification or amendment of a licence, or in respect of the issue of any licence or of a copy of any application or licence, such fee as may be prescribed.".

Amendment of section 15 of Act 51 of 1949.

**11.** Section 15 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) (*a*) The holder of a licence shall within seven days of the issue by any court of a provisional order for the sequestration of the estate of the holder, or, where the holder is a company, within seven days of the issue by any court of a provisional order for the winding-up of the company or of a judicial management order, notify the commission of such order.

(*b*) A licence shall automatically lapse upon the issue by any court of a final order for the sequestration of the estate of the holder, or, where the holder is a company, for the winding-up of the company.

(*c*) Any person who fails to comply with any provision of paragraph (*a*), shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding three hundred rand.".

Amendment of section 19 of Act 51 of 1949.

**12.** Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (4) for the words "five hundred pounds" of the words "one thousand rand".

Amendment of section 22 of Act 51 of 1949.

**13.** Section 22 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the insertion after paragraph (*a*) of the following paragraph:

"(*a*A) the manner and form in which a request under section 2A for the written authority of the commission, shall be addressed to the commission;"; and

(*b*) by the substitution for paragraph (*f*) of the following paragraph:

"(*f*) the fees payable in respect of applications for the grant, renewal, transfer, alteration, modification or amendment of a licence, or in respect of the issue of any licence or of a copy of any application or licence, or in respect of the furnishing of the reasons for the refusal, variation, cancellation or suspension by the commission of a licence;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) deur in subartikel (4) die woorde „honderd pond" deur die woorde „tweehonderd rand" te vervang.

Wysiging van artikel 8 van Wet 51 van 1949.

**7.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (6) die woorde „honderd pond" deur die woorde „tweehonderd rand" te vervang.

Wysiging van artikel 11 van Wet 51 van 1949.

**8.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by subartikel (2) te voeg:

„(*e*) sodanige ander besonderhede as wat voorgeskryf word.".

Wysiging van artikel 12 van Wet 51 van 1949.

**9.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) 'n Aansoek om die hernuwing van 'n lisensie moet minstens twaalf maande voor die datum van verstryking van die lisensie by die kommissie ingedien word.".

Vervanging van artikel 14 van Wet 51 van 1949.

**10.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Gelde. **14.** Daar word aan die Sekretaris van Vervoer ten opsigte van 'n aansoek om die toestaan, hernuwing, oordrag, verandering of wysiging van 'n lisensie, of ten opsigte van die uitreik van 'n lisensie of van 'n afskrif van 'n aansoek of lisensie, sodanige gelde betaal as wat voorgeskryf word.".

Wysiging van artikel 15 van Wet 51 van 1949.

**11.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) (*a*) Die houer van 'n lisensie moet binne sewe dae na die uitreiking deur 'n hof van 'n voorlopige bevel vir die sekwestrasie van die boedel van die houer, of, waar die houer 'n maatskappy is, binne sewe dae na die uitreiking deur 'n hof van 'n voorlopige bevel vir die likwidasie van die maatskappy of van 'n geregtelike bestuursbevel, die kommissie van so 'n bevel in kennis stel.

(*b*) 'n Lisensie verval outomaties by die uitreiking deur 'n hof van 'n finale bevel vir die sekwestrasie van die boedel van die houer, of, waar die houer 'n maatskappy is, vir die likwidasie van die maatskappy.

(*c*) Iemand wat versuim om aan 'n bepaling van paragraaf (*a*) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens driehonderd rand.".

Wysiging van artikel 19 van Wet 51 van 1949.

**12.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (4) die woorde „vyfhonderd pond" deur die woorde „duisend rand" te vervang.

Wysiging van artikel 22 van Wet 51 van 1949.

**13.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur die volgende paragraaf na paragraaf (*a*) in te voeg:

„(*a*A) die wyse waarop en die vorm waarin 'n versoek ingevolge artikel 2A om die skriftelike magtiging van die kommissie, aan die kommissie gerig moet word;"; en

(*b*) deur paragraaf (*f*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*f*) die gelde betaalbaar ten opsigte van aansoeke om die toestaan, hernuwing, oordrag, verandering of wysiging van 'n lisensie, of ten opsigte van die uitreik van 'n lisensie of van 'n afskrif van 'n aansoek of lisensie, of ten opsigte van die verstrekking van die redes vir die afwysing, wysiging, intrekking of opskorting deur die kommissie van 'n lisensie;".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





**Amendment in Afrikaans text of expressions "vliegtuig" and "vliegtuie".**

**14.** Any reference in the Afrikaans text of the principal Act to a "vliegtuig" and to "vliegtuie" shall be construed as a reference to "lugvaartuig" and "lugvaartuie" respectively.

**Short title and date of commencement.**

**15.** This Act shall be called the Air Services Amendment Act, 1973, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





**14.** 'n Verwysing in die Hoofwet na 'n „vliegtuig" en na „vliegtuie" word uitgelê as 'n verwysing na onderskeidelik „lugvaartuig" en „lugvaartuie". Wysiging van uitdrukkings „vliegtuig" en „vliegtuie".

**15.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Lugdienste, 1973, en tree in werking op 'n datum wat deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal word. Kort titel en datum van inwerkingtreding.